



KAMMANUUS

Nommer 328

7 Mei 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Dit bly maar beter om by die huis te drink . . .

Soos sommige seker baie goed weet, is daar party van ons wat oor die jare al so 'n paar skermutselinkies met die owerhede gehad het op pad huis toe ná 'n sosiale okkasie of twee.

'n Paar aande gelede was ek weer uit vir 'n drankie saam met 'n paar van my maters. Die het bietjie joliger gegaan as gewoonlik, en ná effens te veel Germaanse bruisdrankies, nog 'n heel guitige rooi wyntjie of twee het ek besef ek is seker ietwat oor die limiet. Besluit toe maar om 'n bus huis toe te neem.

En sowaar as padda manel dra, is daar toe wrintiewaar 'n padblokkade en die karre word afgetrek en die manne moet oefen vir die blaasorkes. Omdat dit 'n bus is, wuif die polisie dit verby.

Ek waai vir die manne in blou so met die verbygaan.

Ek het toe veilig en sonder enige verdere voorvalle by die huis aangekom, wat my nogal verbaas het want ek het nog nooit voorheen 'n bus bestuur nie en kan nie eers onthou waar ek dit gekry het nie.

Hierdie staaltjie neem my terug na my Alma Matie-dae. Terug na my Skelmbosch dae.

Terug na Pierre Schoeman, 'n fotograaf by *Die Burger* wat ook deelyds geswot het. Pierre is juis op die N2 dood nadat hy helder oordag een oggend vir 'n hond of iemand moes uitswaai daar by die ou afkoeltorings by Pinelands (wat terloops 'n jaar of drie gelede gesloop is). Hy was een van daai manne wat te lank en te lekker kon kuier, veral ná 'n krieket- of rugbywedstryd.

Een Sondagoggend kom hy erg gehawend en doodmoeg te voet by ons by Makkehandjie aan. Pierre het een van daai klein Fiat 500's gery wat se deure vorentoe oopgemaak het. Het blykbaar weer erg dors gehad ná 'n krieket-geselligheid. Vat toe laat aand die pad van Stellenbosch af na Polkadraai, waar hy op 'n wynplaas loseer het.

So met die halfsluimer en kopknik draai hy toe te vroeg af en bevind hy hom ontwetend op pad Macassar toe. Ná 'n hele rukkies se ry sien hy in die lae mis 'n lorrie se chevron wat voor hom in die pad staan. Hy sit ewe sy flikkerlig aan en gaan verby. Skielik skil daar wit dromme links en regs van sy karretjie af en dan is hy eers dié kant toe en dan daai kant toe soos hy hulle probeer vermy. Selfs 'n stuk heiningdraad flits oor sy dak by hom verby. Toe word die pad weer stil.

Te stil.

Hy wonder hoekom sy karretjie skielik so lekker stil ry. Pierre gaan af deur al die ratte, haal die kar uit rat uit en probeer uitklim, maar vind hy kan nie die deur oop kry nie.

"Seker een van die dromme wat dit seergemaak het," dink hy by homself. Hy besluit om die venster oop te maak om te kyk of hy die deur nie van buite af kan oopmaak nie. Draai dit af en wil sy arm uitsteek, maar dit kan hy ook nie. Al wat hy voel is 'n muur van klippe en gruis.

Stadig dring dit tot hom deur dat sy kar teen 'n gruishoop op sy lê. Sukkel toe maar deur die ander deur en klim van die kar af en begin stap.

Met dagbreek vind hom in die verkeerde rigting op pad Kaap toe langs die N2. Hy moes maar omdraai en duimgooi terug Stellenbosch toe sodat ons hom kon gaan help met sy kar. Daardie tyd was die pad Macassar nog in aanbou en het dit net anderkant die N2 opgehou.

Pierre is verby die versperrings, deur die dromme en die draad en skuins teen een van die padkonstruksie gruishope op. Daar het die karretjie op sy lê sonder dat hy dit eers agtergekom het.

Nou ja julle, drink liever by die huis. Of maak gebruik van openbare vervoer, soos 'n bus of iets . . .

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Hengel en SEKS



1. Maak nie saak hoeveel brannas jy gedrink het nie, jy kan steeds hengel.
2. Mens kan met 'n slap stok visvang.
3. Jy hoef nie jou hengeltyd-skrifte weg te steek nie.
4. Die Tien Gebooie verbied nie hengel nie.
5. Jou hengelmaat is nie gepla oor jou vorige hengelmaats nie.
6. Dis heel aanvaarbaar om saam met 'n totale vreemdeling te hengel.
7. Jy sal nie blind word as jy alleen hengel nie.
8. Daar is geen hengelverwante aansteeklike siektes nie.
9. Jy hoef nie hengel op te gee wanneer jou hengelmaat belangstelling verloor nie.
10. Jou sal nooit jou hengelmaat sal hoor sê nie: "Wat? wil jy al weer hengel? Ons het dan net laas week gehengel. Is hengel AL waaraan jy kan dink?"

Idiote in aksie (2)

'n Britse koerant het sy lesers gevra om idiotiese gebeure in te stuur. Hier is nog een van hulle:

Ek en my dogter het na die betaalvenster van 'n McDonald's deurry-restaurant gegaan om te betaal toe ek die kassier 'n £5-noot gee. Ons rekening was £4.20, dus gee ek toe sommer die 20 pennies ekstra.

Kassier: "Jy het my te veel geld gegee."

Ek: "Ja, maar dit maak vir vir jou makliker - jy kan my nou sommer net £1 teruggee."

Sy het gesug, die bestuurder geroep en hy het my gevra om my versoek te herhaal.

Ek het weer verduidelik, maar hy het my 20 penies teruggegee en gesê: "Jammer, dis nie hoe ons besigheid doen nie."

Die kassier het my toe 80 pennies kleingeld uitgekeer.

Moenie die kassiere by McDonald's deurmekaar maak nie!

DOMINEE SE NUUS

'n Predikant sê een oggend hy het slegte nuus, goeie nuus en slegte nuus.

Die slegte nuus is die kerk se dak stort ineen en dit gaan baie kos om te herstel.

Die goeie nuus is ons het die geld.

Die slegte nuus is die geld is nog in julle sakke.

PASOP
vir die
HOND
en moet ook
nie die
KAT
vertrou nie

Hoekom . . .

. . . het so baie Jode groot neuse?
Want die suurstof in die lug is gratis.

VREEMDE FEITE

- ◆ 'n Rot kan langer sonder water leef as 'n kameel.
- ◆ Jou maag moet elke twee weke 'n nuwe slymlaag vervaardig om te voorkom dat hy homself verteer.
- ◆ Die kolletjie op die "i" word 'n tittel genoem.
- ◆ 'n Rosyntjie wat in 'n glas vol vars vonkelwyn gegooi word, sal aanhou om op en af in die glas te bons.
(Laat weet tog as een van julle dit kan bevestig!)
- ◆ 'n Eend se kwaak eggo nie. Niemand weet hoekom nie.
- ◆ Donald Duck strokiesprente was verban in Finland omdat hy nie 'n broek dra nie.
- ◆ Weens die skaarsste van metaal is die Oscars tydens die Tweede Wêreldoorlog van hout gemaak.

Verjaardagpresent

Die man neem sy vrou uit vir haar 40ste verjaardag.
"Wat wil jy present hê: 'n Jaguar, pelsjas, diamante?"
Sy: "Ek wil 'n egskeiding hê."
Hy: "Ek was nie van plan om só baie geld te spandeer nie."

Goue Ierse oue

Paddy bel die dokter en skree benoud: "My vrou is swanger en haar kontraksies is twee minute uit mekaar!"

Dokter: "Is dit haar eerste kind?"

Paddy: "Nee, dis haar man."



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Biltong en wors tops in Brittanje

FEIT

BILTONG, droëwors en boerewors is die kossoorte wat die meeste gemis word deur Suid-Afrikaners wat in Londen woon, volgens 'n peiling wat onlangs bekend gestel is. "Dis nie verbasend dat hierdie drie kossoorte op ons toptienlys almal Hollandse oorsprong het nie - biltong, droëwors en boerewors," het Ryan Mackie van SA Hotels gesê. Dié hotel het die navorsing gedoen.

"Dis interessant om die langtermyn-impak te sien wat die Hollanders op Suid-Afrika se hedendaagse kultuur het."

Hierdie drie hoëproteïen kosse word gevolg deur Sparletta Creme Soda, Simba Nik Naks en Mrs Balls-blatjang.

Die ander vier op die toptienlys is Peppermint Crisp, Ouma-beskuit, meliemeel (pap) en Tennis-beskuitjies.

Die navorsing is in Londen gedoen, waar sowat die helfte van die geskatte 140,000 Suid-Afrikaners in Brittanje bly. Eienaars van Suid-Afrikaanse koswinkels is ondervra en expats is met e-pos, Facebook en telefoonoproepe om hul voorkeure gevra.

Individue in ander dele van die wêreld se antwoorde het gewissel. 'n Amsterdammer het gesê hy mis braaimarinades (wat jy so maklik self kan maak!) en Nik Naks.

Een in Skotland mis ook Bovril, wat daar glo anders smaak. 'n Suid-Afrikaner in New York kan plaaslike produkte by die Madiba-spazawinkel in Brooklyn koop, maar mis Romany Creams en maaskaas.

As sy Nando's wil hê, is dit vier uur te motor na die naaste kettingwinkel.

'n Duskantlander in Suid-Korea mis Ina Paarman se pastasous, Suid-Afrikaanse Cadbury-produkte en Ouma-beskuit.

"En kougom. Om een of ander rede smaak Koreaanse kougom aaklig."

🍏 Nou wil Kammanuus van die Anderkantlanders hoor wat hulle die meeste van Duskantland mis. Skryf en laat weet, en onthou om te sê waar jy bly!

Dokter se raad

FLATER

DIE man was besig om te jag toe die wind sy haelgeweer omwaai. Die lading het hom in sy skoot getref.

Hy is dokter toe gehaas, waar vasgestel is dat hy sy stingel sal behou, maar dat dit vol gaatjies geskiet is.

"Ek kan nie veel vir jou doen nie," het

die dokter gesê. Maar ek sal jou na my suster verwys. Sy is 'n fluitspeler en sal jou kan help."

Die man was ongelowig.

"Hoe de hel kan 'n fluitspelers my help?" wou hy weet.

"Wel," sê die dokter, "sy kan jou leer watter gaatjies om toe te druk sodat jy nie in jou oog piepie nie."

Die storie van die rugbyspeler

FABEL

DIE sukkelende Leeus se bestuurder het Bagdad toe gevlieg omdat hy gehoor het daar is so 'n fantastiese rugbyspeler.

Hy bied hom toe sommer ook dadelik 'n kontrak aan. Twee weke later loop die Leeus met 6-18 agter teen die Cheetahs, toe die breier die jong Irakees opstuur. Hy druk toe vier drieë in 20 minute en wen die wedstryd vir die Leeus.

Net ná die wedstryd bel hy sy ma en vertel haar wat gebeur het. "Almal is mal oor my – die ondersteuners, my spanmaats, die media – almal!"

"Wonderlik!" sê sy ma. "Laat ek jou nou van my dag vertel. Jou pa is in die straat geskiet en beroof. Ek en jou suster is ontvoer, aangerand, beroof en verkrag. Jou broer het by 'n bende aangesluit terwyl jy 'n wonderlike tyd op die rugbyveld gehad het."

"Wel, ma," sê hy. "Ek kan maar net sê ek is jammer."

"Jammer?! Jammer?! Is dit al wat jy kan sê? Dis jou skuld dat ons nou ook in Johannesburg bly!"

(Ingestuur deur Christo van Wyk.)



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com

Kennisgewing in 'n kroeg:

Dié van julle wat drink om te vergeet moet asseblief vooruit betaal.



"Om eerlik te wees, ek dink jy sal jou geld mors op lugsakke."

SKERP OU TANTE

Die twee byderwetse sakemanne het in hul nuwe winkel gesit wat nog nie oopgemaak het nie.

Die pleks staan nog net vol lê rakke.

"Kom ek wed jou," sê die een, "hier gaan nou enige oomblik 'n nuuskierige ou pensioenaris verbyloop, gesig deur die venster steek en vra wat ons verkoop."

Sy vriend het gelag, en binne minute gebeur dit toe: 'n Ou tannie loop tot by die venster, druk haar neus teen die ruit en vra:

"Wat verkoop julle hier?"

Ewe sarkasties antwoord die een sakeman haar sarkasties:

"Ons verkoop poepholle."

Glad nie op haar mond geval nie, antwoord die tante:

"Lyk my julle doen goeie sake, ek sien daar is nog net twee oor."

TWEE ANTIES AFFIE 'PLAIN

Twee anties van Mitchells Plain loop by 'n winkel in Westgate Mall in om vir hul nefie 'n geskenk vir sy mondigwording te soek.

Hulle besluit op sakdoeke met 'n voorletter op, en vra die verkoopassistent vir sakdoeke met "E" op. Sy soek en soek en sê vir hulle sy's jammer maar die E's is uitverkoop.

Die twee anties stop ongelukkig uit, en die een vra: "Hel, Sêra, wat koop ons nou vi' Andrew vi' sy 21st?"

LIEG DAN

Piet en Klaas tel drie handgranate op en besluit om dit polisiekantoor toe te neem.

Piet: "Sê nou een van hulle ontplof voor ons daar kom?"

Klaas: "Dan lieg ons en sê vir hulle ons het net twee opgetel."

GOEDKOOP GEHOORSTUK

Van Tonder kom agter dat hy bietjie doof word en besluit om 'n gehoorapparaat te koop. Hy's net bietjie doof, en verdomp suining, so hy wil nie baie geld uitgee nie.

"Hoeveel kos die goed?" vra hy vir die klerk.

"Dit hang af meneer, ons het modelle van R20 tot R2000."

"Nou man, waarvoor wag jy, wys my die R20 model."

Die klerkie vroetel in 'n laai, haal 'n apparaat uit en hang dit om Van Tonder se nek.

"Meneer, jy druk nou net die knoppie in jou oor en laat hang die toutjie tot in jou hemp se sak."

"Ja ja, maar hoe werk die ding?"

"Meneer, vir R20 werk hy nie eintlik nie, maar as die mense sien jy het dit aan, praat hulle sommer harder!"

PEANUTS deur Charles Schulz



Brief aan 'n skurk

Hierdie brief het in die Persoonlike rubriek in 'n Durbanse koerant verskyn.

Aan die swart ou wat drie aande gelede probeer het om my op die Durbanse strand te beroof.

Ek was die ou met die swart denimbaadjie wie jy beveel het om uit te trek en sy beursie te oorhandig. Dit was nadat jy die lang mes teen my meisie gehou en gedreig het om ons dood te maak.

Jy wou ook haar beursie, ringe en oorbelle hê. Ek hoop regtig jy lees hierdie belangrike boodskap raak.

Ten eerste wil ek verskoning vra dat ek my pistool uitgeruk het toe jy my baadjie vra. Dit was 'n koue aand en ek het die baadjie met rede gedra.

My meisie het daai Glock-pistool vir my gekoop. Jy sal saamstem dat dit 'n baie intimiderende wapen is as dit op jou kop gerig is, veral toe ek die skoot aftrek en 'n deel van jou linkeroor verwyder.

Ek weet dit was seker moeilik om jou pad met 'n bloeiende oor terug na jou hool te vind, veral aangesien ek jou duur skoene, Nokia-selfoon en beursie gevat het. Dit was sodat jy nie jou gomgat-maatjies om hulp kon bel nie.

Ek het toe my petroltenk en vier ander ouens s'n met jou kredietkaart volgetap. Die ou met die V8 Jeep se tenk het R814 se petrol gevat en hy was baie dankbaar. Jou skoene en die kontant in jou beursie het ek vir die daklose ou buite Joe Kools gegee. Hy was oorstelp van blydschap.

Later het ek 'n klomp seksnommers van jou selfoon gebel. Vodacom is nie gelukkig nie en het jou op die swartlys gesit.

Voor dit het ek die plaaslike ANC-kantoor en die plaaslike staatsveiligheid van jou selfoon af gebel en gesê ek is agter die bloed van Jacob Zuma en Julius Malema aan. Die ou van staatsveiligheid het baie belang gestel en ons het lank gesels. Ek neem aan hy het jou nommer in die hande gekry.

Op 'n manier moet ek seker verskoning vra dat ek jou nie doodgeskiet het nie, maar hierdie soort vergelding is vir my baie meer gepas.

Voorspoed terwyl jy hierdie dreigende sake teen jou aanvat. Ek hoop jy kry die tyd om jou loopbaanpad te heroorweeg en dalk 'n werk te begin.

Onthou, volgende keer sal jy dalk nie so gelukkig wees nie.

Lekker dag!

Chris

DUITSE KUSWAG

Die bevelvoerder by die Duitse kuswag laat 'n leerling vir 'n rukkie in beheer terwyl hy 'n draai loop.

Minute later is daar 'n roep oor die radio.

"SOS! Mayday! We are sinking!"

"Halloooo? Zis is ze German coastguard."

"Mayday! We have a problem! We are sinking!"

Die leerling was uit die veld geslaan. Ná 'n paar sekondes vra hy darem:

"What . . . are you sinking about?"

Die blondine moet 'n wagwoord vir haar rekenaar kies, en kies MickeyMinnieGoofyPluto.

"Hoekom so 'n lang een?"

"Want hulle sê dit moet minstens vier karakters hê."

Tel jou seëninge

♥ As jy godsdienstvryheid geniet, is jy gelukkiger as 3 miljard mense.

♥ As daar kos in jou yskas, klere aan jou lyf en 'n dak oor jou kop is, is jy ryker as 75% van die wêreld se bevolking.

♥ As jy geld in die bank, in jou beursie of iewers in 'n houer het, tel jy onder die 8% rykste mense in die wêreld.

♥ Daar is meer as twee miljard mense wat nie kan lees nie.

DRONKIE SE OORDEEL

Die vrou was besig om haar kruideniersware op die betaaltoonbank uit te pak: melk, eiers, lemoensap, 'n pakkie spek, 'n slaaikop en 'n bottel kitskoffie. 'n Dronk ou het agter haar gestaan terwyl die items opgelui word.

"Jy moet ongetroud wees," het hy gesê.

Die vrou wou hom eers ignoreer, maar kyk toe na haar aankope en wonder hoe die dronkie by sy oordeel uitgekom het.

"Ja, jy's reg," sê sy. "Maar hoe het jy dit geweet?"

"Want jy is donners lelik."



Deel 18 Als in rep en roer vir 'n groot Ops



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van die lugmag se grootste oorgrens-operasie.

Daar was 'n restaurant op Katima Malilo. Buite het daar 'n verkeerslig gestaan wat in die States gesteel en deur ons sammajoor voor die restaurant opgesit was.

Dit was 'n baie ou robot wat net 'n groen en rooi lig gehad het. As jy van buite kom en lig was rooi, was die kroeg toe. As hy groen is, was die kroeg oop.

Toehet die sersant-majoor besluit dat die robot te veel druk op die soldate plaas as hy groen is en direk daarna rooi word. Hulle gaan steel toe 'n nuwer robot in Johannesburg en bring dit grens toe, een met al drie kleure: Groen is die kroeg oop, oranje beteken laaste rondte en rooi beteken toe.

Met al die waarskuwings van Pik Botha aan die regerings van Zambië, Botswana en Zimbabwe is nog landmyne geplant en sterf nog meer mense of word beseer. Van hulle lyke moet ons afstuur States toe. So ook beseerdes. 'n Ops (krygsoperasie) word beplan en daar was ook later in al die groot koerante bespiegel van waar die Ops geloods was.

'n Canberra-bomwerper kon duisende voet hoog vlieg sonder om gehoor of gesien te word. Van hulle word uitgestuur en foto's word geneem van die plekke wat die lugmag wil aanval. Alles word weke voor die tyd beplan.

Die Recces beplan wat hulle gaan doen. Honderde soldate word deur C-130's en C-160's ingevlieg Mpacha toe. Terwyl hulle in verskeie pelotonne staan, praat kol. Keiser en genl. Constand Viljoen met hulle.

Een van die dinge wat hy vir hulle sê wat ek soos gister onthou is:

"As jy doen wat ons vir jou geleer het, sal ons jou weer sien. As jy nie doen wat ons vir julle geleer het nie, sal ons jou nie weer sien nie."

Drie Puma-helikopters daag op. Alles gebeur nou op een dag. Foto's wat deur die Canberras se vlieëniers geneem was, is klaar ontleed en word daar beplan om Harare, Lusaka en Gaborone se hooflugmagbasisse aan te val.

'n DC4 wat gewoonlik topoffisiere vervoer daag ook op en neem beheer oor van die lugmagbasis.

"As jy doen wat ons vir jou geleer het, sal ons jou weer sien."

Alle telefone word verwyder en niemand mag in of uit die basis gaan nie. Ovambo-vroue en -mans wat in die basis werk mag nie huis toe gaan vir die volgende 24 uur nie. So mag hulle ook nie inkom nie. Verskeie F1CZ Mirage-vegvliegtuie daag op met lug-tot-lug missiele op en ook lug-tot-grond missiele.

Die Recces daag op met 'n C160-vragvliegtuig. Kol. Jan Breytenbach (stigter van die Recces) klim eerste uit. Niemand mag aan hulle besittings vat nie. Hulle praat nie en laai hulle eie goed af en verdwyn in die bosse.

Impala MK2's wat een sitplek het word met wapens en ammunisie gelaai.

Ons moet help om DC3 Dakota se vragruim wat ook vir passasiers gebruik kan word te omskep met rollers op die grond sodat ons petrol teks daarop kan vasmaak wat met valskerms vir die Recces afgegooi kan word om hul voertuie weer vol brandstof te maak vir die terugkeer na hul basisse as die Ops verby is.

Voetsoldate en die Recces gaan afsonderlik na hulle plekke in die drie buurstate. Alles gebeur nou vinnig en op tyd. Die Canberra's daag op, almal met bomme onder hul rompe. Alle dienspligtiges op die basis word onttrek en moet na hul slaapplekke gaan of in 'n klein vertrekke video's (fliëks) gaan kyk.

Ons groep is direk betrokke en moet sorg dat al die vliegtuie ingebring word, alles reg gelaai word, ensovoorts.

Dit is nou laatmiddag en ons weet nie wanneer die Ops self gaan gebeur nie . . .

VRAAG IN DIE PARLEMENT

"Mnr. die Speaker, die weermagwapens kos ons baie geld en 70% van die lede het vigs. Sal dit nie goedkoper wees as ons die vyand net spyker en byt nie?"

'Just in case'

Deur **MARNUS STEYN**

Die ou oom op die plaas het 'n 1928 model-T-Fordjie vir 20 jaar bestuur. Op 'n dag in 1948 besluit hy dat hy nou gatvol is om die slinger voor te draai om die tjor te laat grom.

Hy vat die pad na die Chrysler-agent. 'n Jong verkoopsmannetjie loop hom tegemoet.

"Kan ek Oom help?"

"Boetie, ek soek 'n kar wat net knoppie het wat jy druk om hom te *start*," seg die oom.

"Oom, ek het net die ware Jakop op die vloer."

Hy neem die oubaas na 'n poetsnuwe Chrysler vierdeur sedan. Hy maak die bestuurder se deur oop en wys die tepelknoppie aan die oom.

"Wat aan hierdie kar vir Oom groot plesier gaan gee, is die outomatiese ratkas. Dit het nie eers 'n *dutch* nie. Geen lang yster hier aan die stuurstang vir die ratte nie, en hier is die motorradio met mediumgolf plus twee kortgolf en een langgolf kanale. Oom kan selfs na Voice of America luister."

So wys die verkoopsman al die nuwerwetse ontwikkelings aan die oom. Hy stap na die voorkant van die kar en wys trots op die gat onder die enjin.

"Hier is 'n plek vir 'n slinger, net ingeval."

"Boetie, ek soek geen gat in die kar wat ek wil koop nie! Ek is klaar met slinger draai!"

Die jong man probeer hierdie kant toe en daardie kant toe om die oubaas om te praat, maar dié wil niks weet nie.

Uiteindelik, met al sy taktiek in die rommelemmer, probeer hy sy laaste poging.

"Oom, die kar sal nooit nodig hê dat Oom die slinger moet gebruik nie, maar dit is "just in case".

Maar die oom wil niks van "just in case" weet nie.

Toe speel die verkoopsman sy troefkaart.

"Oom, luister nou mooi na my. Oom het twee knoppies hier voor op Oom se bors. Daars geen manier dat Oom 'n baba sal kry nie - dis "just in case!"



Soos ons ouer word . . .

Soos ons ouer word, moet ons voorbedag wees op dinge soos die een wat my oorgekom het. Verlede week het ek ná 'n kerkraadvergadering uitgestap en my motorsleutels begin soek – tevergeefs, hulle was nie in een van my sakke nie.

Ek het skielik beseft ek moes hulle in die motor se aansluiting gelos het. My vrou het my telkemale hierteen gewaarsku. My argument was altyd dat dit die veiligste plek is om sleutels te los, maar sy het gesê dis hoe karre gesteel word.

Toe ek in die parkeerterrein kom, het dit my soos 'n donderslag getref: My vrou was reg, want daar was geen teken van my kar nie. My kar is gesteel!

Ek het dadelik die polisie gebel, hulle vertel wat gebeur het en dat my kar gesteel is.

Toe het ek die moeilikste oproep gemaak, na my vrou.


"Liefie," het ek gesê (ek noem haar altyd in sulke situasies Liefie) "ek het my sleutels in my kar gelos en hy is gesteel."

Daar was 'n lang stilte van haar kant, en ek het gedink die verbinding is verbreek.

Toe blaf sy: "Martiens," het sy gesê, "ék het jǒu by die kerk afgelaai!"

Dit was my beurt om te swyg, en toe verleë te vra dat sy my asseblief moet kom haal.

"Ek sal," het sy gesê, "sodra jy die polisie wat hier is oortuig dat ek nie jou kar gesteel het nie!"



Ek het geleer om die helfte van die mense te plesier is onmoontlik. Maar om almal 'n gly te gee is maklik.



POSKOETS

Kammanuus se lesers
aan die woord

Meer klassieke stories, 'seblief!

Fred Bergh, Glencoe, KwaZulu-Natal:

Dankie vir Kammanuus 327. En natuurlik ook vir al die vorige nuusbriewe. Van die eerste een af! En vir al die wat nog gaan kom. Want vorentoe gaan daar mos nog baie wees, gaan daar nie?

En ek glo dat hulle net beter sal word, en meer gewild! Veral as daar meer stories kan wees soos die ene oor die weerlig (dis klasiek) of die een oor die verskriklik sensitiewe blierie bôjane wat nie bobbejane genoem wil word nie. (...is mos kultuur boeta - kultuur seg ek vir jou - of is dit kaltjir, dié sensitieweteit?)

Ek het ook die inligting oor gemorspos baie insiggewend gevind. Ek is nie een wat my ooit aan kettingbriewe gesteur het nie. Het dit uitgevee sonder om te lees. Ek het egter nooit kon dink dat die pragtige godsdienstige omsendbriefies en boodskappies, wat ek sowaar nogal geniet het, tot my nadeel kon wees nie.

Want uit die niet val gemorspos in my posbus en geen mens weet waar dit vandaan kom nie. Kettingbriewe. (Stuur tien en jy wen. Stuur niks en jy vrek binne 'n week.)

Die beste korttermynversekering, die goedkoopste "oor die toonbank" medisyne, die hoogste rente opbrengs op jou belegging en allerhande sulke gemors en nog meer. Al wat dit kon regmaak was 'n nuwe posadres!

Maar ek glo dat nie alle godsdienstige literatuur hieraan skuldig is nie en daarom sou ek tog nog daarmee wou voortgaan. As ek net kan weet waar daai Bcc spasie is waarvan jy melding maak. Ek gebruik Outlook Express (Microsoft) en vind dit nie op die blad nie. Slegs die Cc spasie. Of is ek nou heeltemaal dom. Help my tog reg asseblief.

Jy vra wat ek dink van die nuwe boodskap formaat? Nou ja, soos jy sê, dis spiekeries en omdat ek dit nie beter sou kon doen nie, al probeer ek ook, beskou ek dit as onverbeterlik en baie goed. Ek hou daarvan. Dit lees baie maklik, dankie.

Verder soek jy 'n bôjaan storie. Of bobbejaan stories. Dié het ek nie maar wat ek het, stuur ek vir jou. Dis 'n spook storie. En nie 'n uitgedinkte, aanmekaargetimmerde spook storie nie. (Geen refleksie op die Grensoorlogspook nie.) Dis die waarheid. Dit het werklik gebeur. Dit gaan oor 'n trein.

Om die storie verstaanbaar en sinvol te maak, moet ek eers iets oor myself, en die werk wat ek gedoen het, vertel.

Ek is binnekort 72 jaar oud. Ek is reeds 17 jaar met pensioen nadat ek 42 jaar lank vir die Spoorweë gewerk het. In al hierdie jare was ek op die voetplaat, eers as leerling-treindrywer en later as treindrywer. Ek was gestasioneer op Glencoe in Natal en het vanaf 1957 tot en met 1986 treine gewerk as leerlingtreindrywer en later as trein-drywer.

(Dankie, Fred. Ons plaas die spook-trein-storie volgende keer. Oor die Bcc: As jy jou Outlook Express oopmaak en wil CREATE MAIL, kry jy 'n kassie met TO, CC, SUBJECT. As jy op die CC blokkie klik, behoort dit jou adreslys oop te maak, met twee keuses: CC en BCC. Klik dan een vir een op die name op die adreslys waarheen jy dit wil stuur, elke keer gevolg deur 'n klik op BCC.)



WOORDSPELINGS

- Ek ken 'n ou wat aan remvloeistof verslaaf is. Hy kan enige tyd stop.
- Ek is besig om 'n boek oor swaartekrag te lees. Ek kan dit nie neersit nie.
- Ek het eers nie van my baard gehou nie, maar dit het op my gegroei.
- Wat noem jy 'n dinosourus met 'n uitgebreide woordeskat? 'n Thesourus.
- Wees gaaf teenoor jou tandarts – hy het ook vulsels.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

KERRIEVIS UIT OUMA SE BOEK

(Resep van Esme en Jan, ingestuur deur Sienie Strydom.)

1 geelbek (Kaapse salmvis)

3 of 4 uie

4-6 onse vet om in te bak

1 eetlepel borrie

1 eetlepel kerriepoeier

2 rissies, sout, peper

3 of 4 lourierblare

1.5 pt asyn (in verhouding tot die grootte van die vis.)

Maak die vis skoon en sny dit in netjiese mootjies. Sprinkel sout en peper oor en laat dit oornag staan. Sit dit in 'n trek om droog te word. Bak die vis in warm vet waaruit die rook trek. Sny die uie en rissies in skyfies, meng al die bestanddele, behalwe die vis, met die asyn.

Kook dit op, en laat die uie effens kook. Sit die vis in 'n fles en gooi die asyn oor.

Maak dit goed toe en dit sal oor twee dae gereed wees vir gebruik. Dit hou 'n taamlike tyd! Of soos die oom gesê het: "Kerrievis is geduldig as dit by vries kom."

BESSTERT

1 beesstert

1 ui in skywe gesny

2 wortels opgesny

2 medium aartappels in blokkies gesny

6 kruienaaltjies

Paar peperkorrels

1½ eetlepel meelblom

1 eetlepel margarine

1 lourierblaar

Voeg vleis in goeie kastrol en laat lank prut met al die speserye totdat vleis om been wil af kook. Skep oortollige vet af. Plaas groente by en laat deurkook.

STAMBOOM

BARNARD 100percent@iafrica.com

Ek soek inligting oor die Barbards en Lourense van Reitz en Bethlehem.

BEUKES gfbeukes@gmail.com

Ek wil graag meer uitvind oor my pa se verlede. Sy name was Jan Albertus. Al wat ek weet is dat hy in 'n nywerheidsskool was en vakansies by mense op 'n plaas net buite Reitz in die Vrystaat gaan kuier het. Van die mense se name is Bankies en Tante Dien en Tom Kiirsten en Johan Oodendal. Enige inligting al is dit hoe gering sal baie waardeer word.

BOTHA tabiebotha@yahoo.com

Dawid Herklaas Botha is my oupa. My ouma is Anna Susanna Nel.

BRIEDENHANN Alexandermarita@gmail.com

My oupa was George Jacobus Briedenhann gebore 1889 oorlede 1957. Hy het grootgeword in Calvinia en het 'n suster gehad met die naam Rex. Hy was getroud met Margaretha Elizabeth Potgieter. Hulle het 3 kinders gehad: Linda, Jacobus en Elsa. Hy is blykbaar 'n afstammeling van George Rex.

BYLEVELDT pinkpython@ovi.com

JOUBERT alexandermarita@gmail.com

Ek soek na Francis moontlik Francina Joubert oorlede 1919 tydens groot griep in Beaufort-Wes. Sy was getroud met Francois Greeff 1912. Sy het n suster gehad Cecilia Joubert van Keimoes. Sy was my pa se ma. As iemand my asb kan help.

JANSE(N) VAN RENSBURG johanvr@saol.com

My oupa is in Oudtshoorn gebore en sy name was Esias Johannes van Rensburg. Gebore 1883 en oorlede 1971 in Kirkwood. Hy was getroud met Maria Magdalena Dorothea (Bence) ook van Oudtshoorn. Sy is ook in Kirkwood oorlede en begrawe. Ek dink 1980.

LOURENS 100percent@iafrica.com

Looking for information on Anna Margrietha Lourens born 4th Jan 1864 married in Bethlem OFS 16th June 1881 to Gerhardus Johannes Barnard. I am looking for information on the Lourens and Barnard families of Bethlehem and Reitz.

Vervolg agter **AGTEROS**





AGTEROS

Net voor uitspantyd

KAMMANUUS EKSLUSIEF!

Suid-Afrikaners het van die haka 'n oorlogskreet gemaak

Deur Prof. G.L.O Mynie

"Dit is ná deeglike navorsing teruggespoor na twee Suid-Afrikaners, die Poggenpoel-broers."

Min mense (insluitend die meeste Nieu-Seelanders) weet dat die Haka oorspronklik 'n verwelkomingskreet was. Maori-vroue het die krygers van die oorlogsveld terugverwelkom met die Mama (destydse naam vir die Haka).

Die oorspronklike woorde van die kreet was: "Papa, Papa kaupana ra Mama" (Papa, Papa come back to Mama). Die vroue het in 'n ry gestaan en met hul vuiste op hul boesems tamboer geslaan om hul mans met dié woorde terug te verwelkom.

Selfs James Cook, wat in 1769 voet aan wal op die eilandjie gesit het, is deur geesdriftige Maori's met die Mama verwelkom. Cook was in vervoering oor die gulhartige ontvangs. In sy dagboek teken hy die volgende aan: "Die inheemse bevolking was so ooglopend vreugdevol om ons te sien, dat ek dit in 'n stadium oorweeg het om die eiland Mama Seeland te doop, maar koning George III (destydse Britse monarg) was nie te vinde hiervoor nie."

Maar hoe het die Mama, 'n verwelkomingskreet, na die Haka, 'n oorlogskreet, verander? Dit is ná deeglike navorsing teruggespoor na twee Suid-Afrikaners, die Poggenpoel-broers, Hermanus Armand (in kort Oom "Ha" genoem) en Kerneels Andries (in kort Oom "Ka" genoem), wat op die plaas Losbal in 1883 in die distrik van Kimberley met kalkoene en konyne geboer het.

Die broers is 'n dekade vroeër met die Botha-tweeling (Tant An en Tant San) van Kakamas getroud.

Oom Ha en Oom Ka, twee maer en seningrige Kalahari-seuns, was maar lief vir die bottel en het meer as een keer onder die besemstokke van Tant An en Tant San deurgeloopt. Die Botha-tweeling was in teenstelling met hul mans, albei fris, gewigtige tannies, wat die jaarlikse Sterkvrou-kompetisie van Noord-Kaapland in daardie jare oorheers het.

Trouens, Oom Ha en Oom Ka, het so gekuier dat hulle die plaas in 1884 bankrot gesuip het. Boonop was kalkoene en konyne nie noodwendig 'n winsgewende landboubedryf nie. Met die paar pond en enkele sjiellings wat hulle vir Losbal op die bankrot-veiling gekry het, het die twee gesinne besluit om 'n nuwe lewe in 'n ander land te begin. Die twee broers het ook hul vroue hand en mond belowe dat hulle finaal klaar is met hul gesuipery.

Op 23 Oktober 1884 het hulle op die skip, Carter's Cruise, na hul nuwe land, Nieu-Seeland, gevaar (sover vasgestel die eerste Suid-Afrikaanse ex-pats in die Land van die Lang Wit Kleed). Hulle het hulle in Nieu-Seeland net buite 'n Maori-dorpie, Makaupana-korikori, gevestig en op groot skaal met kiwi-eiers begin boer.

Oom Ha en Oom Ka het hul woord getrou gestand gedoen en nie aan 'n druppel drank geraak nie. Die twee "nugter" gesinne is met ope arms deur die Maori-gemeenskap ontvang en vinnig was hulle ingeburger in die sosiale lewe van Makaupana-korikori.

Op 27 Junie 1886 is die groot sewejaarlikse Maori-fees, Karamba Poetiri, op Makaupana-korikori gehou. Maori's vanoor die hele Nieu-Seeland het na die fees gestroom. Die Poggenpoel-egpare is as ere-gaste uitgenooi.

En daar, tydens die fees, na byna twee jaar se sobere lewe, raak Oom Ha en Oom Ka weer aan't suipe. Hulle het met 'n dosynstuks Maori-krygers in 'n boskroeg op die fees vasgehaak en lustig begin drink aan 'n brousel drank wat die Maori's noem "Medisyne vir Net die Sterkste Krygers".

Toe Tant An en Tant San op hulle mans in die besope toestand afkom, was die gort behoorlik gaar! Hulle het elkeen 'n gras-besem gegryp en op die twee afgestorm. Hoewel ernstig onder die invloed, het Oom Ha en Oom Ka nog oor genoeg spoed beskik, aangevuur deur vrees, om weg te hardloop vir hul lywige vroue.

Ten aanskoue van die Maori-krygraad en talle vooraanstaande Maori-oorlogs-veterane, het Tant An en Tant San toe op hul mans geskreeu om terug te kom. Hulle het uit volle bors geskreeu: "Ha, Ka, kom hir, Ha, Ka, ons ga' julle hard wetter!".

In die hardloop het Oom Ha en Oom soms omgekyk, net om te sien hoe hul vroue hul oë omdop, hul tonge uitsteek en gebare maak waarin hulle hul duime oor hul kele trek om aan te dui hoe seer die twee broers gaan kry as die tannies hul eendag in die hande kry.

Die aggressiewe vertoning deur die boere-tannies het so 'n indruk op die aanwesiges gemaak dat daar op 'n noodvergadering van die Maori-krygraad besluit is om dit as hul amptelike oorlogskreet te aanvaar en is daar finaal afstand gedoen van die Mama.

En so is die "Haka" gebore.

Verdere navorsing toon dat Tant An en Tant San se ouer broer, Oom Baksteen Botha, wat tydens die Groot Trek saam met Andries Pretorius Natal toe uitgewyk het, die oupa-grootjie van Bakkies Botha se oupa was.

STAMBOOM (vervolg)

MEYER 100percent@africa.com

Looking for information on the Meyer family from OFS - Wepener, and Lesotho.

PRINSLOO candy001@mweb.co.za

Looking for more information on Prinsloo's. Great grandfather Gerhardus Johannes Prinsloo.

VAN DER LINDE lvanderlinde@tasmedicarelocal.com.au

Ek wil asb meer inligting kry oor Schalk Willem Jacobus van der Linde (1854) se voorgeslagte - ek vermoed hy stam af van Hendrik Stephanus en Gert Johannes Alwyn van der Linde.

VAN DER LINDE lvanderlinde@tasmedicarelocal.com.au

Hendrik Stephanus van der Linde (1804) Gert Johannes Alwyn van der Linde (1826) Schalk Willem Jacobus van der Linde (1854).

VAN WYK vdh.paula@gmail.com

Op soek na Cornelius (Corrie), ek is Paula van den Heever. Het in Waterval Boven, rondom 1954 gebly en was 'n stoker op die spoorwee.

Die volgende KAMMANUUS is op 21 MEI